Vir Afrikaanse teks, sien hieronder asseblief

17 January 2016

Dear Members & friends of GMS,

Firstly, we send greetings for 2016 from the GMS committee. We hope that you enjoyed time with family and/or friends over the festive season.

PLEASE NOTE **– bookings for GMS concerts this year will be handled for us by Curtains & Linens at 99 Meade Street. (on the corner with Market St.)**

Our first concert of the year will be held at York High School at 15 Meade Street on Saturday 13 February at 19h30. The Crazy Ties Big Band will visit George again as part of their SA tour. This is a young ensemble of the music school from the district of Meissen in Germany. The members are both students and teachers at the school. They first appeared at the annual Advent concert in Grossenhain in 2011. At first the band was only intended as a project for this concert. However, the members of the band decided to continue this project, and thus, the Crazy Ties Big Band was founded. They entertain audiences under the direction of Winfried Jupt with a varied repertoire of well-known swing classics from funk

and soul, both purely instrumental and some with vocals. Despite its short history, the Crazy Ties Big Band has given some memorable concerts, both at home and abroad. They last toured South Africa in 2014, and their concert in George was well supported by an enthusiastic audience of members and their families. We look forward to a fun evening with this talented group of musicians. Tickets for this concert remain at the 2015 prices – R70 for members & R100 for non-members, children R20.

A big thank you to the members & non-members of GMS that have volunteered to act as hosts for the band members over the weekend of their stay in George.

The George Music Society membership year begins on 1st March, so you are invited to renew your subscription at the above concert or soon thereafter. We are keeping the membership fee the same as last year, i.e. R80 per member. This entitles members to a R30 discount on concert ticket prices. Unfortunately, we have to increase the ticket prices due to increased costs again. From the April concert onwards, tickets will be R90 for GMS members and R120 for non-members. The price for learners remains at R20. This year GMS is 60 years old, so please continue to support the society and the concerts that are staged.

The AGM of the society will be held on Thursday 3 March at 18h30 in the Moederkerk Langebou. We will distribute the AGM reports again by email at the beginning of February.

Lastly, I omitted to mention in the newsletter in November that GMS had received an anonymous donation of R5 000 for which we are very grateful. The committee decided to use this towards the costs of the Young Musicians competition. The committee also discussed the generous bequest from the estate of Anna du Toit of R50 000 to GMS. This amount has been invested and will be used incrementally to award a cash prize each year to the most promising high school music student entering the Young Musicians competition, which Anna was instrumental in organising and so close to her heart. One concert each year will also be dedicated to Anna's memory. In 2016, this will be the concert to be given by Ammiel Bushakevitz on 24 April.

We look forward to seeing many of you at the Crazy Ties Band concert.

Yours in music,

Peter Mundell	Christina Smit	Don Rice	Sandra Tilbrook	Henk Alting
Chairman	Secretary	Treasurer	Young Musicians	Concert Liaison
0825521060	0833915337	0832588932	0833892775	0834140350

LEASK
& PARTNERS
Chartered Accountants (S.A.) Registered Auditors
GEORGE 044 873 2047

17 January 2016

Beste lede,

Eerstens, stuur ons beste wense vir 2016 van die GMV-komitee. Ons hoop dat almal die feestyd met vriende en familie geniet het.

LET ASSEBLIEF OP **– besprekings vir GMV-konserte sal hierdie jaar vir ons deur Curtains & Linens by Meadestraat 99 gedoen word. (hoek van Markstraat.)**

Ons eerste konsert van die jaar is op Saterdag 13 Februarie om 19h30 by York High School, Meadestraat 15. Die Crazy Ties Big Band besoek George weer as deel van hulle Suid-Afrikaanse toer. Dit is ‘n jong ensemble van die musiekskool in die distrik Meissen in Duitsland. Die lede is studente en onderwysers van die skool. Hulle het eerste in 2011 by die jaarlikse Adventkonsert in Grossenhain opgetree. Aanvanklik is die orkes net vir hierdie projek saamgestel. Die orkeslede het egter besluit om voort te gaan en so het die Crazy Ties Band tot stand gekom. Hulle vermaak gehore onder die leiding van Winfried Jupt met ‘n gevarieerde repertoire van bekende klassieke swingnommers van *funk* en *soul*, beide instrumentaal en soms met vokale. Ten spyte van hulle kort bestaan, het hulle al

onvergeetlike konserte gegee, tuis sowel as oorsee. Hulle was laas in 2014 in Suid-Afrika en die George-konsert is goed ondersteun deur ’n entoesiastiese gehoor van lede en hulle families. Ons sien uit na ‘n pretaand saam met hierdie talentvolle groep musikante. Kaartjies is steeds beskikbaar teen die 2015-pryse – R70 vir lede & R100 vir nie-lede, kinders R20.

‘n Groot dankie aan die lede & nie-lede van GMV wat aangebied het om die orkeslede te huisves gedurende die naweek wat hulle hier deurbring.

Die lidmaatskapjaar van George Musiekvereniging begin op 1 Maart, so julle word uitgenooi om by hierdie konsert of so gou moontlik daarna lidmaatskap te hernu. Die lidmaatskapfooi is dieselfde as verlede jaar , R80 per lid. Dit gee lede ‘n R30 afslag op konsertkaartjiepryse. Ongelukkig moet ons die kaartjiepryse as gevolg van kostes verhoog. Vanaf die April-konsert sal kaartjies R90 vir GMV-lede wees en R120 vir nie-lede. Die prys vir leerders bly R20. GMV is vanjaar 60 jaar oud, so hou asseblief aan om die vereniging en die konserte wat aangebied word, te ondersteun .

Die vereniging se Algemene Jaarvergadering sal op Donderdag 3 Maart om 18.30 in die Moederkerk Langgebou gehou word. Ons sal die AJV -verslae weer teen die begin van Februarie per e-pos versprei.

In die Novembernuusbrief het ek nagelaat om te noem dat GMV ‘n anonieme donasie van R5000 ontvang het. Ons is baie dankbaar daarvoor. Die komitee het besluit om dit aan te wend ten bate van die Jongmusikantekompetisie. Die komitee het ook die vrygewige bemaking van R50 000 aan GMV uit die boedel van Anna du Toit bespreek. Hierdie bedrag is belê en sal inkrementgewys aangewend word om ‘n kontantprys te gee aan die mees belowende hoërskoolmusiekstudent wat vir die kompetisie inskryf. Anna het hierdie kompetisie georganiseer en dit het haar na aan die hart gelê. Een konsert jaarliks sal ter nagedagtenis aan haar wees. In 2016 sal dit die konsert van Ammiel Bushakevitz op 24 April wees.

Ons sien uit daarna om baie van julle by die Crazy Ties Band-konsert te sien.

Die uwe in musiek.

Peter Mundell	Christina Smit	Don Rice	Sandra Tilbrook	Henk Alting
Voorsitter	Sekretaresse	Tesourier	Jong Musikante	Konsert Skakeling
0825521060	0833915337	0832588932	0833892775	0834140350

LEASK
& PARTNERS
Chartered Accountants (S.A.) Registered Auditors
GEORGE
044 873 2047